# HILLCREST HIGH SCHOOL

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**

VRAESTEL 2

| | |
|---|---|
| **Graad 11** | **Junie 2014** |
| **Tyd: 2 uur** | **Punte:70** |

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

**1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.**

**Afdeling A : Kortverhale (35)**
**Kies TWEE van die drie vrae om te beantwoord.**

**Afdeling B : Gedigte (35)**
**Kies TWEE van die drie vrae om te beantwoord.**

**2. Lees die instruksies baie goed.**

**3. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.**

**4. Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**
**Mev. Jordaan, Middleton, Meiring, Slattery, Bothma of Gilbert**

**5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**


**6. Skryf netjies en leesbaar.**

**Afdeling A: Kortverhale.**

**Kies enige TWEE vrae om te beantwoord**

**Vraag 1. Soldate in Wit Klere ( Hannah Bell)**





Lees die onderstaande uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Kort na hy by Oom Labu aangekom het, het Nevil siek geword. Hy het vir dae uitgehou, gesê hy sal self beter word, want hy het mos pille wat hy drink. "Ek is nog pas hier, " het hy vir Oom Labu gesê. "Ek kan nie nou al gaan lê nie. Ek is taai, oor 'n paar dae is ek weer piekfyn!"
>
> Maar hy het nie beter geword nie. Daardie Vrydag sit sy oë diep in sy kop en sy vel is grys soos die granietrotse langs hulle huis. Nie lank nie, toe word hy weer rooi in die gesig, met 'n vreeslike hoofpyn.
>
> "Kom Nevil," sê Oom Labu, "vandag neem ek jou Fort Victoria toe, na die dokter. Die naweek lê voor en waar kry ons hulp as jy skielik baie erger word ?"
>
> "Maar sê nou die dokter wil my daar hou. Oom mag nie alleen hier bly nie."
>
> "Toemaar, dalk gee hy jou net medisyne. En ons is vanaand weer tuis." Maar Oom Labu kon sien die man lyk sleg en hy het gou die bakkie uitgetrek om dorp toe te ry.

1.1. Wie/wat was die Soldate in Wit Klere ? (½)

1.2. Wie het vir Nevil na die plaas toe gestuur ? (Gee die naam van die maatskappy) (1)

1.3. Gee 2 redes waarom Nevil na die plaas toe gestuur is. (2)

1.4. In watter land het die vryheidsoorlog waarna daar in hierdie kortverhaal verwys word, plaasgevind ? (1)

1.5. Kies elke keer die karakter (Kolom A) wat by die korrekte beskrywing (Kolom B) pas. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer.

| **Kolom A** | | **Kolom B** | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1. | Oom Labu | A. | Plaaswerker |
| 1.5.2. | Nevil Horn | B. | Het inboorlingdorpies geplunder |
| 1.5.3. | Die dokter | C. | Plaasbestuurder |
| 1.5.4. | Die vryheidsvegters | D. | Sou nie verklap nie |

(4)

1.6. Kies van die woorde in die blokkie hieronder om die sinne korrek te voltooi. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.

| |
|---|
| **Tekens van die vyand; dialogies; diagnoseer; hinderlaag; Fort Victoria, los grond.** |

Op pad na die hospitaal moes hulle uitkyk vir (1.6.1)______________. Op die teerpad moes hulle uitkyk vir 'n (1.6.2.)_______________ . In die dorp het die dokter Nevil ondersoek. Hy (1.6.3.)_________________ Nevil met malaria. Oom Labu moet alleen terug ry plaas toe en uitkyk vir (1.6.4.) _________________ (4)

1.7. Noem 2 reëls wat die regering ingebring het om plaasboere te beveilig. (2)

1.8. Gee die naam van die radio's wat die boere gebruik het om in aanraking te bly met mekaar. (1)

1.9. Kies die korrekte antwoord om die sinne mee te voltooi. Skryf dan die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

1.9.1. Toe Oom Labu daardie aand so angstig was, het hy na ___________________ gedraai om hulp te soek.

- Die Verlore Seun
- Die Weermagkaptein
- Sy Vader (1)


1.9.2. Wanedzi beesplaas behoort aan ____________________________ .


- Die regering
- Oom Labu Labuschagne
- Die Koelkamers (1)

(17 ½)

**OF**

## Vraag 2. Die Beach (Lindsay King)






Lees die onderstaande uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Op bladsy sestien van Brigitte Schwaiger: "Wie kommt das Salz im Meer ?" Vir die eerste keer wonder ek ook hoe die sout in die see beland, hoekom daar vars- en soutwatervissse is, hoekom daar verskillende soorte mense is, hoekom wit en swart, man en vrou, gay en straight – hoekom?
>
> Maar voordat ek nog enige van dié vrae kon beantwoord, trek 'n uitgebleikte, brandmaer vrou met yl, vaalblonde hare, soos 'n Jik-advert, en 'n rooikopklong van so vyf jaar wat hulle sowat twintig meter van my af tuis maak, my aandag. Ag, hulle is eintlik skadeloos, dink ek terwyl hulle 'n kombers uitsprei en hul netjiese piekniekmandjie onder hul strandsambreel neersit.

2.1. Verduidelik wie die spreker in hierdie kortverhaal is. (½)

2.2. In watter taal is die boek wat die spreker lees, geskryf ? Gee die Afrikaanse naam. (1)

2.3. Vertaal die woorde: "Wie kommt das Salz im Meer?" in standaard Afrikaans. (1)

2.4. Watter wet (law) het die spreker daardie dag oortree ? (1)

2.5. Hoekom het die spreker gedink dat daar op daardie spesifieke weeksdag nie baie mense by die strand sou wees nie ? (1)

2.6. Net na hierdie uittreksel wonder die spreker oor waar alles begin het. Daar word twee teorieë bespreek in die kortverhaal. Een is Adam en Eva. Wat noem ons die ander teorie? (1)

2.7. Die spreker dink dat die maer vrou en die vyfjarige seun "eintlik skadeloos" is.

Die ma en kind maak hom nie fisies seer nie.

<u>Hulle kry dit tog reg om hom seer te maak.</u>

2.7.1. Stem jy saam met die onderstreepte stelling ? Ja/Nee ? (1)
2.7.2. Verduidelik hoekom jy so sê. (1)

2.8. Gee die standaard Afrikaanse woorde / betekenis vir:

2.8.1. colour (½)
2.8.2. gebleiktes (½)
2.8.3. ongebleiktes (½)
2.8.4. costume (½)

2.9. In watter Europese land is Venesië ? (1)

2.10. Die spreker noem die vyfjarige seuntjie 'n "gemmerbroodmannetjie".

2.10.1. Is dit 'n positiewe of negatiewe beskrywing ? (1)
2.10.2. Waarom, dink jy, noem die spreker hom dit ? (1)

2.11. Noem 2 aktiwiteite wat die vrou en haar seun saam vir pret by die strand gedoen het (2)

2.12.

> "Ja, mêrrim, en thanks virrie Coke. Dis hoeka my favourite," sit ek selfs die skollies op die Cape Flats 'n kop aan.

2.12.1 Verduidelik wie/wat <u>skollies</u> is. (½)
2.12.2. Verduidelik wie/wat die Cape Flats is. (½)

2.13. Waarom, dink jy, gee die spreker sy ware identiteit op so 'n manier weg ? (1)

2.14. Die beach het 2 moontlike betekenisse.


Een is: Die strand.

Wat is die ander moontlike betekenis ?
Gebruik suiwer Afrikaans in jou antwoord. (1)

(17 ½)

# OF

## Vraag 3 : Die engelman (vir Cila): Izak de Vries



Lees die onderstaande uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Beste Chris
>
> Ek gaan met die deur in die huis val.. Daar is iemand hier op die Bos wat baie in my belangstel. Ek wil steeds jou vriend wees en dalk, eendag, weer meer as vriende. Maar vir nou moet ek vra dat jy sal besef hy is nader.
>
> Ek sal later weer meer skryf, want ek weet jy sal wil aanhou briewe kry.
>
> ____________________

3.1. Wie het hierdie brief geskryf ? Gee net die naam. (½)

3.2. Gee die naam van die dorp waarna die skrywer in hierdie brief verwys. (1)

3.3. Waar is Chris wat so ver weg is van die skrywer van die brief ? Gee die naam van die dorp en die land. (1)

3.4. Kies die korrekte antwoord. Skryf dan die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

3.4.1. "Ek gaan met die deur in die huis val." beteken:

- Sy klop nie voordat sy die deur oopmaak nie.
- Sy gaan reguit praat.
- Sy gaan iets positiefs sê. (1)

3.4.2. Chris en die meisie wat die brief geskryf het, het baie in gemeen. Kies die twee goed wat hulle graag deel.

- Geskiedenis en literatuur.
- Fotografie en bergklim.
- Boeke en sport. (1)

Dis 'n grys dag. Dis koud.
Selfs die taxi se verwarmer
sukkel om hom warm te
hou.

3.5. Daar is twee moonlike betekenisse van die woorde: "Dis 'n grys dag." Verduidelik altwee binne die konteks van die kortverhaal. (2)

3.6. Chris het goed aangepas (adapted) in Dover.

3.6.1. Stem jy saam met die stelling ? Ja/Nee ? (1)

3.6.2. Motiveer jou antwoord deur na enige 2 aspekte van sy lewe in Dover te verwys. (2)

3.7. Noem 2 goed omtrent Chris wat vir Silina beïndruk. (2)

3.8.

"Sien jy die klein engelmannetjie verstaan nie
'n woord van onse taal nie."

3.8.1. Verduidelik hoekom Silina in die uittreksel hierbo na Chris verwys as 'n "engelmannetjie". Noem twee dinge. (2)

3.9. Kies van die woorde in die blokkie hieronder om die sinne korrek te voltooi. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.

**12, 10, 9, 11, red, sotternye, spaar, B.com, geluk, ingenieurswese, voorreg, reg.**

Chris het al in graad (3.9.1.________________ besluit dat hy in Engeland wou gaan werk. In graad (3.9.2.)________________ het hy hom doodgewerk.
Hy wil (3.9.3.)________________ studeer aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy moet geld (3.9.4.)______________ om te betaal vir die (3.9.5.)________________ om te studeer sonder die (3.9.6.)______________ van ander om hom.

(6 X ½ = 3)

3.10 Wat was die tweede regte ding wat Chris in sy lewe gedoen het ? (1)

(17 ½)

Sub-totaal vir afdeling A: (35)

## Afdeling B. Gedigte

**Kies enige TWEE vrae om te beantwoord.**

### Vraag 4: Wetenskapmannetjies (Antjie Krog)




Julle sit onder swart teleskope
en kyk na die son
tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.
Pateties bepaal julle ligjare
en vertel dat die son as 't ware
inkrimp en eendag gaan verdwyn


Ons sit maar hoog op die windpomp
en kyk hoe die son sy kop stamp
teen die rant
hoe hy bloei
hoe die vaal lug gloei
hoe die bome tot silhoeëtte verskroei


Daarom liewe menere teken ek klawertjies
tussen my huiswerk, kry ek 26%

want ek luister eerder na
die verdwaalde korhaan
tussen die bossies by die tennisbaan
ek kwadreer liewer my vreugdes
en vind dan die logoritme van my hartseer
want syfers bring 'n eensaamheid
wat geen mens kan keer.








© 2007 Janet Stevens





4.1. Na wie verwys die "julle" in die gedig ? (½)

4.2. Watter woord in strofe 1 dui aan hoe die spreker oor die "wetenskapmannetjies" voel ? (1)

4.3. Wat sê die "wetenskapmannetjies" gaan uiteindelik met die son gebeur ? (1)

4.4. Gee 'n voorbeeld van paarrym uit die eerste strofe. (1)

4.5.1. Waar sit die "ons" in die gedig ? (1)
4.5.2. Sê in jou <u>eie woorde</u> wat hulle daar doen ? (1)

4.6. Watter vorm van beeldspraak kom voor in versreëls 8 – 10 ? (1)

4.7. Die spreker in hierdie gedig gebruik 2 organe om die natuur te ervaar. Noem die 2 organe. (2)

4.8. "hoe hy bloei" = versreël 9.

4.8.1. Wie/wat is die hy ? (1)
4.8.2. Is daar regtig bloed ? Ja/Nee ? (1)
4.8.3. Wat bedoel die spreker ? (1)

4.9. Die spreker is verveeld met die werk wat die onderwyser vir hulle gegee het om tuis te doen. (1)
4.9.1. Is die stelling <u>waar of onwaar</u> ? (1)
4.9.2. Haal aan om jou antwoord te motiveer. (1)

4.10. Waar, dink jy, is die spreker wanneer sy die korhaan by die tennisbaan hoor ? (1)

4.11.1. Watter gevoel/emosie wil die spreker groter maak ? (1)
4.11.2. Watter gevoel/emosie wil die spreker minder maak ? (1)


(17 ½)


**OF**

**Vraag 5: Ma (Antjie Krog)**

**Ma (Antjie Krog)**







**Ma**

Ma, ek skryf vir jou 'n gedig
sonder fênsie leestekens
sonder woorde wat rym
sonder bywoorde
net sommer
'n kaalvoet gedig -

want jy maak my groot
in jou krom klein handjies
jy beitel my met jou swart oë
en spits woorde
jy draai jou leiklipkop
jy lag en breek my tente op
maar jy offer my elke aand vir jou Here God.
jou moesie-oor is my enigste telefoon
jou huis my enigste bybel
jou naam my breekwater teen die lewe

ek is so jammer mamma
dat ek nie is
wat ek graag vir jou wil wees nie.

Antjie Krog

5.1. Wie word in versreël 1 aangespreek ? (½)

5.2. Haal 'n versreël uit strofe 2 aan wat verduidelik HOEKOM die spreker die gedig skryf ? (1)

5.3. Noem enige TWEE dinge wat beskryf hoe die spreker se ma lyk. (2)

5.4. Lees weer versreëls 7 en 8. Skryf 2 aparte woorde neer wat met mekaar kontrasteer. (1)

5.5. Haal 'n woord uit strofe 2 aan wat beteken: "om te vorm" (1)

5.6.1 Haal 2 agtereenvolgende woorde aan uit strofe 2 wat bewys dat die ma soms kwaai met die kind is. (1)

5.6.2. Waarom, dink jy, is die ma soms kwaai met die kind ? (1)

5.7. Haal 1 versreël aan wat bewys dat die ma die kinderlike idees van haar kind liefdevol en met humor hanteer. (1)

5.8.1. Waar vind ons gewoonlik 'n breekwater ? (1)

5.8.2. Wat is die funksie van 'n breekwater in hierdie plek (5.8.1.) ? (1)

5.8.3. Verduidelik hoe die ma die kind se breekwater is. (1)

5.9. Lees weer versreël 13. Voltooi die volgende sin deur gepaste woorde in die spasies te vul. Skryf net die nommer en jou antwoord neer.

Die ma 5.9.1 ________________ elke aand dat God haar kind
sal 5.9.2. ___________________. (2)

5.10. Lees weer versreëls 14 en 15.

5.10.1. Dink jy daar is goeie kommunikasie tussen die ma en haar kind ? Ja/Nee ? (1)

5.10.2. Motiveer jou antwoord in jou eie sin. (1)

5.11. Lees weer die laaste strofe.

Die spreker is jammer.


5.11.1. Is die stelling waar of onwaar ? (1)

5.11.2. Sê in jou eie woorde waaroor die spreker jammer is. (1)

(17 ½)

**OF**

**Vraag 6: Sommer net vir jou ( Sam. C.H. Cupido)**




**Sommer net vir jou**

Meisie ek wil so graag vir jou skryf
'n sonder-fênsie-woorde-liefdesbriefie
sonder 'n H.O.L.L.A.N.D. en 'n I.T.A.L.Y.
sintaksis en adjektiewe
en minus vergelykings en metafore
sommer so 'n slap kaalvoet liefdesbriefie

want dit is jy
'n sonder-fênsie-mensie
klein en soos B. sê "getrain"

Meisie ek is jammer ek kan nie briewe skryf
soos groot minnaars liefdesbriewe skryf
ek wens net ek kan jou vou
soos mens normaalweg liefdesbriewe vou
en vir altyd in my tiekiepôket hou



I.T.A.L.Y. = I trust and love you

**6.1.** Op watter ander gedig is hierdie gedig gebaseer ? (½)

**6.2.** In watter vorm is hierdie gedig geskryf ? (1)

**6.3.** Waarom is "Meisie" met 'n hoofletter geskryf ? (1)

**6.4.** Verskaf 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 1. (1)

**6.5.** Voltooi die sin, skryf net die antwoord neer.

" H.O.L.L.A.N.D." en "I.T.A.L.Y." is voorbeelde van ________________ (1)

**6.6.** Waarvoor staan : "I.T.A.L.Y." ? (1)

**6.7.** Kyk na die foto onderaan die gedig.

**6.7.1.** Wie is dit ?
Skryf sy eerste naam en van volledig neer. (1)

**6.7.2.** Hy is bekend vir 2 dinge. Noem hulle. (2)

**6.8.** In versreël 9 praat die skrywer van die meisie wat "getrain" is.

**6.8.1.** Gee 'n standaard Afrikaanse woord vir "getrain". (1)
**6.8.2.** Wat dink jy bedoel die spreker wanneer hy sê dat die meisie "getrain" is ? (1)

**6.9.** Voltooi die volgende sin. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die spreker voel dat sy liefdesbriewe 6.9.1 ____________________ is in vergelyking met die van die groot minnaars. Hulle liefdesbriewe is meer 6.9.2. ______________. (2)

**6.10.** Wat is 'n "tiekiepôket" ? (1)

**6.11.** Kyk na die laaste strofe.

**6.11.1.** Sê in jou eie woorde waaroor die spreker jammer is. (1)

**6.12.** Voltooi: Cupido en Krog se gedigte is albei ...voet.
Skryf net die woord neer. (1)

**6.13.** Kyk weer na versreëls 12 -14.

**6.13.1.** Wat bedoel die spreker (figuurlik) as hy sê hy wil die meisie vou en in sy tiekiepôket hou ? (1)

**6.14.** Noem die rymskema wat ons in hierdie gedig teëkom. (1)
(17 ½)

**Sub-totaal: 35** **GROOTTOTAAL: 70**